

Maandag

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks: 1 Pet. 5: 10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien - nie vir God veg en sterf nie." Moet ons saam met Christus veg en sterf, of saam met Hom leef en dien? Dit is die saak wat die apostel Petrus in sy brief aan die gemeentes in Noord- Turkye aanspreek. In Palestina was 'n godsdienstige oorlog onder die Jode teen Romeinse oorheersing en uitbuiting aan die broei wat so 6 jaar na hierdie brief openlik uitgebars het.

Terselfdertyd het die Romeinse owerheid begin om die Christelike geloof te begin onderskei as 'n ander godsdienst as die Joodse godsdienst. Daardeur het die Christene hulle staatsbeskerming wat hulle gehad het toe hulle nog as deel van die Joodse godsdienst beskou is deur die owerheid verloor. As nuwe Oosterse sekte (so het die Romeine die Christene beskou), het hulle daarom geen staats-erkenning en daarom ook geen staatsbeskerming gehad nie. Dit is hoekom die gemeenskappe hulle openlik kon begin aanval, roof en mishandel, sonder vrees vir wetlike vervolging deur owerhede. Die onregverdige en ongevraagde openbare aanvalle, plundering en mishandeling van Christene deur die plaaslike gemeenskappe en owerhede, het Christene voor die werklikheid gestel om ook geweld teen hulle aanvallers te gebruik. Petrus spreek hierdie oorweging en ingesteldheid by die lidmate aan in 1 Pet. 4: 15: "Niemand van julle moet immers as moordenaar of dief of kwaaddoener of bemoeisieke ly nie." Christene mag nie teen die regering en gemeenskap se openbare geweld met teengeweld reageer nie. Die opbou van die gevoelens, oortuigings, houdings en sentimente vir 'n godsdienstige oorlog in Palestina teen die goddelose Romeine het ingespeel op hierdie gemeentes. Omdat hulle Christene uit die heidendom was, het hulle nog opgesien na Israel as God se volk (so het hulle aanvanklik gedink) en kon die godsdienstige oorlogs-sentimente van die Judaïste vir hulle maklik as voorbeeld dien hoe om op te tree. Maar Petrus wys vir hulle 'n ander en nuwe weg as 'n godsdienstige oorlog teen staatsgeweld. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks 1 Pet. 5: 10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien - nie vir God veg en sterf nie."

Wanneer ons Petrus se geloofsleiding oor geweld en lydsaamheid hoor, moet ons onthou wie was hy voor hy in Christus se lyding en opstanding geglo het. Petrus was volgens Lukas 6: 15 en Hand. 1: 13 bekend as Simon die Seloot, wat as yweraar vertaal is. In ons taal sal dit wees Petrus wat genoem word "Simon die Boeremaglid." Hierdie party was besig tydens die skryf van hierdie brief om die Joodse godsdienstige oorlog teen Rome te stook. Hulle het net twee jaar na Petrus se dood onder Nero die wapens teen Rome opgeneem, die Joodse volk in 'n oorlog meegesleur, Jerusalem en Masada ingeneem en tot die einde toe verdedig. Hulle het vir God se koninkryk in die Naam van die Messias die wapen opgeneem en 'n godsdienstige oorlog gevoer. Petrus, die Seloot, die Boeremag-lid, wou dit ook vir en met Jesus Christus doen – vir God se koninkryk saam met Jesus die wapen opneem, veg en doodgaan. Hy het dit aan die Nagmaalstafel bely (Mat. 26: 35) en in

Getsemane probeer uitvoer met 'n swaard. (Mat. 26: 51) Jesus stop sy godsdienstige oorlog met die woorde: "Bêre jou swaard op sy plek. Almal wat die swaard opneem sal deur die swaard omkom." (Mat. 26: 52) Christus wys hiermee ALLE godsdienstige oorloë vir sy koninkryk af. Daarom verloën Petrus die Seloot, die Boeremag-lid, Jesus met 'n gevloek teenoor die mense: "Ek ken nie die man nie." (Mat. 26: 74) Petrus se verloëning het beteken hy het sy "geloof" in Jesus verloor omdat hy nie met Hom kon veg en sterf vir God se sake en koninkryk nie. Nadat Petrus tot geloof in Christus gekom het, skryf hy dan hierdie brief met die strekking: Ons kan nie saam met Christus vir God se saak die wapen opneem, veg en sterf nie. (4: 15) Hy het opgestaan sodat ons in sy heerlijkheid met Hom en vir Hom kan leef." Dit is die bedoeling van sy oproep tot lydsaamheid teen die geweld van die regering en gemeenskappe teen Christene. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks: 1 Pet. 5: 10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien - nie vir God veg en sterf nie." Ons leef vir God met die opgestane Christus! Dit is die eerste aankondiging van Petrus in 1: 2: God die Vader het ons uitverkies om deur die heiligmaking van die Gees aan God gehoorsaam te kan leef en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word. God laat ons gehoorsaam volgens sy wet heilig wees - al is dit gebrekkig, skeef en half. God laat ons self vir Hom rein wees deur die bloed van Jesus - al oortree ons die wet. Die karakter van hierdie nuwe lewe met Christus beskryf Petrus met 3 woorde: hoop, geregtigheid en vryheid! Ons leef met hoop, in geregtigheid en vryheid!

* Ons HOOP is dat ons liefde vir God en ons naaste deur Jesus se opstanding ewig en nooit kan verwelk of besmet word nie. (1: 3 -5, 1:23)

* Ons leef ook in GEREGTIGHEID: Christus die Regverdige het onregverdig gely sodat Hy ons en ons werke vir God altyd regverdig laat wees - al is onself en ons werke nooit só uit ons eie nie. (3: 18) Christus bewys geregtigheid aan ons, deur ons in sy geregtigheid te laat deel, en só leef ons vir hierdie geregtigheid waarin ons deel. (2: 24)

* Ons leef ook in VRYHEID! Petrus stel dit so: "leef as vry mense – wat onself en ons lewe met vrymoedigheid aan God se diens toewy. Ons vryheid is dat ons God mag dien. Petrus noem ons toewyding en diens aan God "geestelike offers" wat deur Jesus Christus vir God aanneemlik is. (2:5) Vryheid om nóóit weer vir enige iets wat ons vir God doen, as nie-aanvaarbaar veroordeel te word nie. Daarom doen ons niks meer onder dwang vir God nie. Wat ons vir God doen, doen ons uit die vryheid dat ons dit vir God mag doen.

Dit is waarmee ons in die landbou en elke ander beroep in die gemeenskap as gelowiges mee besig is. Deur lyding heen hou ons aan met goeie werke,

* in HOOP op ons liefde se ewigheidswaarde,

* in Christus se GEREGTIGHEID

* en as VRY mense wat God mag dien.

Prek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks: 1 Pet. 5:

10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien, - nie vir God veg en sterf nie."

Ons neem nie die wapen op om vir vryheid, geregtigheid en hoop te veg en te sterf met Christus nie! Ons bêre ons wapens op hulle plek waarvoor hulle bedoel is.

Petrus wie vir Jesus wou sterf was 'n man wie homself gesien het as sonder hoop, geregtigheid en vryheid. Die saak waarvoor Petrus wou veg en sterf was om God se mag te laat geld teen die bose Romeine en die Joodse Raad wat met hulle saamgesweer het om hul hoop, regte en vryheid weg te neem. Petrus het homself as 'n mens sonder hoop, 'n verontregverdigte en onderdrukte gesien. Hy wou saam met Jesus (só het hy eers geglo) die nuwe Messiaanse ryk oprig waar goddeloses met landswette en militêre geweld aan die wet God van onderwerp word, deur die regverdiges! Hulle wie glo dat hulle deur goddeloses hul hoop, reg en vryheid ontnem is, wil dikwels saam met "die Christus" die wapen opneem in 'n godsdienstige oorlog. Maar... niemand kan ons ons hoop, geregtigheid en vryheid ooit só ontnem dat ons dit net deur oorlog kan terugkry nie. Wê kan ons só besteel, plunder, mishandel of ons selfs dood maak, dat ons nie meer die HOOP het dat ons liefde vir God en ons naaste vir ewig is, ons en ons werke vir God GEREGVERDIG is en ons nie meer VRY is om God te dien nie? Ons vryheid tot diens is GóD wat ons werke vir Hom heilig en aanvaarbaar maak. Daarom kan geweld nie hierdie vryheid van ons wegvat nie. Deur ons beweging in te perk, ons uit die gemeenskap uit te sluit, ons van werk en geleenthede te weerhou, kán nie ons diens aan God wegvat nie. Daarom kan nêmand ons in hierdie vryheid onderdruk nie. Ons leef in wie CHRISTUS ONS LAAT WEES. Ons veg en sterf nie vir wie ons nie is nie. Prek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks: 1 Pet. 5:

10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien - nie vir God veg en sterf nie." Die gevaar van 'n godsdienstige burgeroorlog in ons land is 'n regte teenwoordige werklikheid. Dit het ons elkeen aangevoel met die konfrontasie op Senekal. Wie wil 'n burgeroorlog hê? Die EFF en baie werkloses wil met die anargie van 'n burgeroorlog moor en plunder. Die ANC-deel wat die land geplunder het wil met 'n oorlog alle spore van hul plundering wegvee en van die reg wegkom deur 'n burgeroorlog. Blankes wat 'n volkstaat net vir blankes wil hê, wil 'n burgeroorlog hê omdat hulle nie Afrikane as deel van die burgery aanvaar nie. En nou begin kerke inkoop met hierdie sentimente tot 'n burgeroorlog! Hoe? Deur hierdie geweld van 'n burgeroorlog te regverdig asof dit 'n geestelike of 'n godsdienstige oorlog gaan wees. Geestelike oorlogvoering word al lankal deur sommige NG leraars aangevuur. Hiervolgens moet jy met gebed en bekering God se grondgebied beskerm en uitbrei teen goddeloses. Met gebed en deur mense te konfronteer om tot bekering te kom, veg jy as troep in Christus se weermag vir God se grondgebied, so glo hulle. Gebed word die wapen

waarmee mense hul vyande moet stukkend bid, die gebed wat ons God in liefde mee kan aanroep. Van die NG Kerk se bemagtigde leiers het die afgelope weke hul miskenning van boere se mishandeling verander. Wat wil hulle nou met boere doen? Hulle wil as geestelikes vir boere lei om te veg vir hoop, geregtigheid en vryheid sodat hulle die mense is wat nou die Belhar-belydenis navolg. Hulle wil hooplose, verontregte en onderdrukte boere geestelik lei met die geloof van die Belharbelydenis. En dan is die verskil tussen 'n burgeroorlog en sogenaamde geestelike oorlogvoering of godsdienstige stryd vir sogenaamde hoop, geregtigheid en vryheid, net een insident soos dit met Senekal kon gebeur het. Want met hierdie sogenaamde "geestelike en godsdienstige stryd vir hoop, geregtigheid en vryheid", maak jy mense "God" se troepe vir 'n godsdienstige oorlog. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10. Teks: 1 Pet. 5:

10: Tema: "Christus laat ons vir God leef en dien - nie vir God veg en sterf nie."

Waarmee is ons as Christelike landbouers besig wanneer ons patrollies ry? Om 'n paramilitêre mag op te bou of is ons net besig om ons oeste te beskerm? Beding ons om ons wapens te behou om oorlog te maak of om ons self teen misdadigers se plundering en moord te verdedig? Beveilig ons, ons huise en plase omdat ons forte bou vir oorlog of om ons teen moordenaars en plunderaars te beveilig? Ondermyn ons amptenare omdat ons met 'n rebellie besig is of omdat ons hulle korrupsie teenstaan? Pleeg ons obstruksie teen grondeise omdat ons kriminele is of omdat ons net keer dat kriminele ons eiendom roof? Ondersteun ons mekaar as gemeenskap in die howe waar ons aanvallers en moordenaars in die hof verskyn omdat ons mekaar se rou deel óf omdat ons die reg in eie hande wil neem? Punt is: ons is glad nie besig met 'n geestelike, godsdienstige of burgeroorlog nie. Ons is net besig om ons reg uit te oefen om deel van die staat te wees in ons hoop, geregtigheid en vryheid in Christus. Ons mag nie dat almal wat 'n burgeroorlog, 'n geestelike oorlog of 'n godsdienstige oorlog wil hê, hulle oorlog op óns plase kom voer en van óns plase, waarop ons wil plant en oes as ons goeie werke vir God, hulle slagvelde en doodskakels maak nie. Ons is God se KINDERS wat saam met Hom in sy liefde leef. Ons is nie God se TROEPE in opleiding vir die oorlog om sy grondgebied te verdedig of om te veg vir hoop, geregtigheid en vryheid nie. Kom ons verwerp die Man vir wie Petrus die Boeremag-lid wou veg en sterf! Jesus is nié die Man wat ons in 'n geestelike en godsdienstige burgeroorlog gaan inlei, aanvoer en tot oorwinning lei nie. Kom ons glo in Hom wie Petrus aan ons verkondig: Jesus Christus wat uit die dood uit opgestaan het om ons in die HOOP van liefde wat ewig is, in GEREGTIGHEID wat ons verbind tot gehoorsaamheid en VRYHEID wat diensbaar is vashou. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus